

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

#### Aansteek van die kerse

#### Lied 188:2

O God, so ryk en goed,  
gee ons solank ons lewe  
altyd 'n blye hart;  
as dit u wil is: vrede.  
Laat u genade ons  
beveilig teen gevaar,  
in donker ure ons  
van struikeling bewaar.

## Woorddiens

### Tema: “Afskeid en vertrek – ons sensitiewe gesprekke”

#### Skriflesing: Johannes 14:1-14

#### Broodjies vir die pad

#### Karel Schoeman (1939–2017)

Oor afskeid en vertrek,  
stilte en eensaamheid,  
die dood, 'n onbestemde land,  
het jy in vele romans verken.  
Jou laaste brief, strak versend  
aan jou prokureur, oor selfbeskikking.  
As verkenner van verlating  
in al sy vorme, lees ek vannag  
jou laaste brief, 'n ontslag  
uit hierdie lewe. Dit is dan my  
afskeidsgroet aan jou, 'n heliograaf,  
flitsend na jou op 'n eiland,  
op reis na 'n ruimte van genade.

Joan Hambidge



#### Tyd vir afskeid en vertrek

Charles Smith

So is dit genoeg.

Hierdie verpletterende laaste woorde van Karel Schoeman onderaan die verklaring waarin hy aankondig dat hy sy eie lewe gaan neem, laat my terugdeins.

Dit is dan dit. Afrikaans se grootste skrywer het gegroet. Sy laaste bladsy is op Vryheidsdag getik en onderteken. Sō stop die miljoene woorde oor bykans 60 jaar waarmee hy Afrikaans – en óns – verryk het.

Ek het al so 'n oomblik van mislikheid ondervind nadat ek *Hierdie lewe* klaar gelees het. Doer in die diep, verlate 1990's. Die gevoel van eensaamheid, ontredde wat in jou gebeente inklim. Jou duiselig laat. Die stem van 'n eensame vrou in die verlate Roggeveld van ons ouma Martie het saans by my gespook.

Soms kon ek nie die boek met die skildery van die kers optel nie.

Daardie eerste sin – oef: “Die nagliggie flakker en brand uit: in die donker lê ek wakker en hoor die reëlmatige asemhaling van die slapende meisie op die katel aan die voetenent van my bed.”

Toe ek my boek gisteraand oopslaan, kry ek 'n brief daarin wat ma Grietjie op 12 September 1994 vir my geskryf het vir my verjaarsdag die 14de. En *Hierdie lewe* as geskenk. Sy begin met roerende tonele op Mispa, 'n Sondagete van skaapboud, pastei en karringmelkpoeding. En 'n beskrywing van die lente vol peerbloeisels van die boom onder die damwal en 'n sterk amandelgeur wat in al die vertrekke in die huis hang.

Dan skryf sy: “Ek hoop jy geniet die boek. Dis 'n boek om so proe-proe te lees – vol atmosfeer soos net Karel S. dit kan skets. Die Groenfontein waarvan hy praat so 'n entjie buite die dorp (Sutherland) was mos die plaas waarop Ouma (Martie, pa Hendrik se ma) grootgeword het.”

Ek het eendag met pa Hendrik Groenfontein gaan soek. Ek onthou die kliprante om die ou huis met sy groentetuine en peerboord. Ek het 'n klip van die plaas vir ouma Martie gevat, die plaas van haar kleintyd wat hulle in die Depressie moes verlaat en noord moes trek. Sy 'n jong, skrande dogter wat alles moes oopgee.

Maar hier tussen dié bome het sy gespeel met die leivore vol water en die stemme van die huis van kinders wat lag en die reuk van brood wat gebak word. Maar toe was die plaas verlate.

Ek slaan *Hierdie lewe* versigtig oop.

“Niks in hierdie koesterende donker is onseker nie,” lees ek ná meer as 20 jaar op bladsy 73. En later: “Uit die skadu van die rante spring die rooikat op sy prooi, en ver weg in die nag is daar 'n gil wat weggesterf het in die stilte nog voordat ek kan omdraai en weer inslaap, die moeitelose diepe slaap van 'n kind.”

Ek onthou die prentjie van Karel Schoeman, lank en lenig in Trompsburg met sy *Volksblad* in die hand. Later het ek en Ainsley Moos, destydse redakteur, by hom in Noorderbloem gaan kuier. Hy het opgewek gesels oor hoe hy ou Nederlandse en Duitse rolprente op YouTube kyk.

'n Oom het hier opgewonde na hom gestap en sy hand uitgestrek en gesê: “Aaaa, meneer Schoeman! Ek het al u boeke gelees en baie geniet! Veral *Fanie se veldskooldae* was my gunsteling . . .” (Hy is natuurlik met P.J. Schoeman verwar).

Sulke stories kon hy ten koste van homself vertel.

Sy verkenning van die stiltes en skaduwees tussen ons is verby.

Vandag is dit tyd vir afskeid en vertrek.

Sy reis na 'n Vrystaat met die lug altyd vol helder wolke is hier.

Die stemme, stiltes en skaduwees is ons s'n om te verken in al die boeke.

Ek moet nog 'n *Ander land* baasraak. Ek en Versluis en sy wroegings om in Bloemfontein aan te pas (soos Karel

Schoeman se oupa en ouma veral van Nederland in die stad moes aanpas) woel al lank met mekaar.

Maar volgens letterkundiges is dit die Groot Afrikaanse Roman.

“Net die skadu van die wolke beweeg oor die verlate werf, oor die leë pad, en daar het niks meer oorgebly as dit nie, asof die laaste inwoner dood is en die plaas reeds al sy mense verloor het,” eindig ’n *Lug vol helder wolke*.

Só is dit genoeg.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/tyd-vir-afskeid-en-vertrek-20170503>



“At moments of departure and a change of life, people capable of reflecting on their actions usually get into a serious state of mind. At these moments they usually take stock of the past and make plans for the future.”

— Leo Tolstoy, *War and Peace*

“The more we become sensitive to our own journey the more we realize that we are leaving and coming back every day, every hour. Our minds wander away but eventually return; our hearts leave in search of affection and return sometimes broken; our bodies get carried away in their desires then sooner or later return. It's never one dramatic life moment but a constant series of departures and returns.”

— Henri J.M. Nouwen, *Home Tonight: Further reflections on the parable of the prodigal son*



### Leaving On A Jet Plane

All my bags are packed, I'm ready to go,  
I'm standing here outside the door  
I hate to wake you up to say goodbye.  
But the dawn is breakin', it's early morn',  
The Taxi's waitin', he's blown his horn.  
Already I'm so lonesome I could die.

There's so many times I've let you down,  
So many times I've fooled around,  
I tell you now they don't mean a thing.  
Ev'ry song I sing I sing for you.  
Ev'ry girl me lay I lay for you  
When I come back I'll bring your wedding ring.

So kiss me and smile for me,  
Tell me that you'll wait for me,  
Hold me like you never let me go.  
'Cause I'm leaving on a jet plane,  
Don't know when I'll be back again.  
Oh babe, I hate to go.

*John Denver*

## Brood vir die pad

### 'Tis the gift to be simple, 'tis the gift to be free'

Vele van ons ken die melodie, hoewel miskien nie die woorde nie. “ 'Tis the gift to be simple, 'tis the gift to be free” begin ouderling Joseph Brackett in 1848 die enigste strofe van sy eenvoudige danslied, ook met sy eie melodie.

Hy was 'n Shaker, destyds 'n geestelike gemeenskap met sobere waardes en 'n lewenstyl van eenvoud, harde werk, diensbaarheid en dankbaarheid.

Sy lied besing juis dié waardes. Dis 'n gawe om tuis te voel waar ons ons ook al mag bevind, sing hy, want dan word dié plekke vir ons 'n “valley of love and delight”.

Wie dié ware vryheid ken, wat met eenvoud en genoegsaamheid kom, is nie eens skaam “to bow and to bend” nie, want hul innerlike geluk word nie bedreig deur diens en offervaardigheid nie. Intendeel, dit gee juis uiting daaraan.

Baie van ons ken dalk dié melodie, maar met ander woorde. Dit word eers alombekend wanneer Aaron Copland dit benut, eers die melodie in die ballet *Appalachian Spring* (1944), en toe die lied self in sy *Old American Songs* (1950).

Daarna maak talle bekende kunstenaars opnames, sodat dit wye ingang vind in populêre kultuur. In die proses voeg talle egter hulle eie strofes by – effe strydig met die gees van simplicity.

Sydney Carter skoei in 1963 sy gewilde “Lord of the Dance” op dié lied, maar met ander woorde.

En in Michael Flatley se 1996-opvoering *Lord of the Dance* word Carter se lied weer ingrypend gewysig. Langs dié weë is die melodie vandag oral bekend, hoewel nie altyd die woorde nie.

Met Barack Obama se inhuldiging in 2009 speel 'n kwartet met Yo-Yo Ma en Itzhak Perlman John Williams se nuwe komposisie *Air and Simple Gifts* voor miljoene kykers wêreldwyd.

Copland se keuse daarvan vir sy *Old American Songs* is nogal merkwaardig. Dié gees – vryheid en geluk vanweë eenvoud, genoegsaamheid, beskeidenheid en diensbaarheid – is tog allesbehalwe tipies?

G'n wonder die Shakers kon nooit posvat nie – hulle was net te vreemd vir dié kultuur.

Dié vryheid, dié eenvoud, dié genoegsaamheid wat nie kom met veelheid, dié diepe innerlike vrede wat nie afhang van oordaad en grootte, dié geluk en “love and delight” ongeag wáár ons ons ook al bevind, is immers werklik 'n gawe, iets om geskenk en ontvang te word, soos Brackett destyds skryf?

Nee, vele ken wel die melodie, dalk selfs die woorde, maar of ons hul diepste bedoeling verstaan, dié bly tog 'n vraag. – DJS

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/tis-the-gift-to-be-simple-tis-the-gift-to-be-free-20170506>



### Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,  
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

*Ubi caritas, et amor*

*ubi caritas, Deus ibi est.*